VOERMOL MELASSEMEEL

Klas: Energie-aanvulling

VOERMOL MELASSEMEEL bevat melassestroop en is ’n goeie energiebron:

- verbeter die smaaklikheid, tekstuur en voorkoms van enige voer of lek;
- verlaag stowwerigheid en verminder skeiding van voere en lekke;
- teen ’n insluitingspeil van 5 % tot 10 %, dien melassemeel as ’n goeie bindmiddel tydens verpilling van voere;
- stimuleer die eetlus van siek diere weens die hoë inhoud van B-Vitamiene en spoorminerale;
- is ’n veelsydige produk met baie praktiese gebruike en kan as ’n gedeeltelike plaasvervanger vir graan gebruik word;
- kan in rantsoene gebruik word vir suiwelbeeste, voerkraalbeeste, skape, bokke en volstruise asook in vee- en wildlekke.

SAMESTELLING VAN VOERMOL MELASSEMEEL
REG NR V1995 (Wet 36/1947) N-FF 0079

		(g/kg)
Ruproteïen	(min)	40
Ruvesel	(maks)	100
Vog	(maks)	160
Vet	(min)	8
Kalsium	(maks)	8
Fosfor	(min)	1
Energie (MJ ME/kg)		10.5

Verpakking - 40 kg

ADDISIONELE GEBRUIKE
VLEISBEESVOERKRAALRANTSOENE
Vervang grane kilogram vir kilogram met **Voermol Melassemeel,** tot ’n maksimum daaglikse inname van 1.2 kg. In voerkraalrantsoene kan tot 12 % van die grane met **Voermol Melassemeel** vervang word.

VOERE EN LEKKE VIR HERKOUER WILD
Voermol Melassemeel kan gebruik word vir die meng van lekke en voere vir herkouer wild.

BEESLEKKE
Tot 50 % van die grane in produksielekke en tot 100 % in onderhoudslekke kan met **Voermol Melassemeel** vervang word.

MELKBEESRANTSOENE (SUIWELRANTSOENE)
Voermol Melassemeel kan tussen 8 % en 12 % in suiwelrantsoene ingesluit word om grane te verplaas.

VOERMOL

SKAAPLEKKE- EN RANTSOENE
Ongeveer 25 – 40 % van die grane in produksielekke en tot 100 % in onderhoudslekke kan met **Voermol Melassemeel** vervang word. In skaapafrondingsrantsoene kan 8 – 12 % **Voermol Melassemeel** ingesluit word om grane te vervang.

KUILVOER
Voermol Melassemeel kan as energiebron gebruik word om kuilvoer beter te preserveer.

AANBEVELING VIR KUILVOER

Graskuilvoer/Kleingraankuilvoer:	25 – 40 kg/ton nat kuilvoer
Peulgewaskuilvoer:	40 – 80 kg/ton nat kuilvoer

VOERMOL